

* ENGLISH TEXT BELOW

MAANDELIKSE NUUSBRIEF: AUGUSTUS 2017

Geagte Mnr / Mev / Mej [Customer Name]

Hierdie nuusbrief is aan u as lid van die Hoëveld Sindikase Aksiegroep (“HSAG”) geadresseer op grond van die feit dat u ’n belegging in die sindikase gemaak het en waarna u by die klas-aksie by wyse van die HSAG aangesluit het.

Alhoewel e-posse van tyd tot tyd uitgestuur word is die www.hsaction.co.za webtuiste die plek waar u inligting kan bekom.

Hou ons asseblief op hoogte van enige veranderinge van u kontakbesonderhede.

In hierdie nuusbrief bevestig ons weer die doelwit waarvoor die HSAG gestig is, die finansiering van die klas-aksie litigasie, bring ons u op hoogte met die regsaksies, en gee ons vir u terugvoer op media-navrae.

1. TOEWYDING VAN DIE BESTUURSKOMITEE VAN DIE HSAG EN DIE ADMINISTRATIEWE PERSONEEL VAN THERON & VENNOTE PROKUREURS

Met die aanvang van die HSAG het die prokureurs die HSAG se belange op die hart gedra. Sedert mnr. Helgard Hancke en mev. Elna Visagie die HSAG verlaat het en hul by Nic Georgiou/Orthotouch geskaar het, het die HSAG-prokureurs, hul werknemers en die Bestuurskomitee van die HSAG ’n eed afgelê en ’n vertroulikheidsooreenkoms onderteken ten einde die belange van die HSAG te bevorder en beskerm.

2. DRYFVEER EN DOELWITTE VAN HSAG

Die hoofdoelstelling van die HSAG is om die Hooggeregshof van Suid-Afrika by wyse van aansoek te nader vir die verkryging van hofbevele namens beleggers in HS 15 – 22 wat toestem dat 'n Klas-Aksie/s teen mnr. Nic Georgiou, sy seuns, hul entiteite en ander Respondente in te stel vir die verhaling van skades en verliese wat beleggers in die mislukte Highveld Sindikasie Maatskappye 15 – 22 gely het.

Die twee onmiddellike sake waarby die HSAG tans betrokke is, is die sertifisering van die Klas-Aksie asook die tersydestelling van 'n Reëlinskema kragtens Art 155 van die Maatskappywet. Die Reëlinskema behels inter alia dat mnr. Nic Georgiou, sy seuns, hul entiteite en ander Respondente algeheel kwytgeskeld en gevrywaar word van persoonlike aanspreeklikheid. Die HSAG beweer dat die hofbekragtiging ten opsigte van die Reëlinskema heimlik verkry is.

Dit beperk tans die beleggers se eise teen Orthotouch, 'n eiendomsmaatskappy van Georgiou wat slegs twee aanliggende eiendomme besit. Die koopprys van die twee Orthotouch-eiendomme was R143 341 466.00 waarteen 'n verband van R 72 miljoen (50% van die koopprys) ten gunste van Accelerate Security S P V (Edms) Bpk geregistreer is met 'n oorblywende waarde van R 71 miljoen. Inligting in die besit van die HSAG suggereer dat Orthotouch regte tot ongeveer 24 kommersiële eiendomme verkry het. Dit moet nog per geouditeerde state bevestig word.

Indien die hof saamstem met die beweringe van die HSAG sal die Reëlinskema tersyde gestel word en sal die Hoëveld Sindikasiemaatskappye 15 -22 terugval in besigheidsredding. In so 'n geval sal mnr. Hans Klopper – die besigheidsreddingspraktisyn aangestel deur die hof – versoek word om te bedank. HSAG-lede is van mening dat Klopper nie in hul beste belange opgetree het nie. Indien 'n nuwe besigheidspraktisyn aangestel sou word, sal hy versoek word om die nodige stappe te neem ten einde die maatskappy se belange te dien en sal die HSAG kan voortgaan met die sertifikasie-aansoeke van die Klas-Aksie.

Die HSAG sal 'n aanvaarbare en werkbare skikking met mnr. Nic Georgiou en ander verkies. Die HSAG-bestuurskomitee het alle skikkingsonderhandelinge gedurende Mei 2017 opgeskort, in afwagting van 'n verbeterde skikkingsaanbod deur mnr. Nic Georgiou. Indien 'n skikking bereik sou word sal die regte van HSAG-lede beskerm word en sal 'n terugvalklousule in die ooreenkoms ingesluit word sodat die HSAG met die Klas-Aksie kan voortgaan.

Tot tyd en wyl die HSAG suksesvol is met die tersydestelling van die Art 155-Reëlinskema is mnr. Nic Georgiou/Orthotouch kragtens 'n hofbevel verplig om maandeliks rente te betaal. Hulle kan nie summier ophou met die betalings nie. Dit is ons mening dat daar met die rentebetaling voortgegaan kan word dienooreenkomstig die inkomste wat gegenereer word sonder die Art 155-Reëlinskema.

3. LEDE BYDRAES EN REGISTRASIEKOSTE

Tot en met Mei 2017 was HSAG-lede se bydraes tot regs-koste minimaal: minder as 'n R1 per sindikasie per dag.

Valse beweringe is onlangs versprei dat die prokureurs van die HSAG straks R28 miljoen sou ontvang het oor die afgelope drie jaar.

Hierdie beweringe is onwaar en is dit gebaseer op die aanname dat al 7 000 HSAG-lede inderdaad op datum is met hul betalings. Lede word ernstig versoek om hul ondersteuning teenoor die HSAG en die proses om die enorme verliese te verhaal, voort te sit deur getrou hul jaarlikse bydraes te maak. Dit kan ook afbetaal word in paaiemente.

'n Debietorder-stelsel, vir diegene wat hierdie betaalmetode wil gebruik, sal vroeg in 2018 geïmplementeer word.

Die HSAG bevestig dat alle gelde in 'n Prokureurstrust gehou word, welke rekening jaarliks geaudit word. 'n Kostekonsultant stel ons kosterekening op wat voldoen aan regsvereistes.

4. VERDAGMAKERY VAN HSAG-BESTUUR EN PROKUREURS

Gedurende Julie 2017 het HSAG-lede 'n naamlose e-pos en nuusbrieff ontvang wat na bewering deur ontevrede HSAG-lede van stapel gestuur is.

Dit is vasgestel dat die webtuistedomein in die naam van mnr. Helgard Hancke geregistreer is. Hancke se briewe het op die Orthotouch-webtuiste verskyn. Die enigste denkbare doel hiervan is om:

- Verdeling, wantroue en konflik onder die HSAG se getroue ondersteuners te veroorsaak;
- Die prokureur(s) van rekord namens die HSAG te diskrediteer deur vals inligting dat buitensporige regskostes gehef word en sogenaamde kommissies verkry is of gevra word deur die prokureurs van die HSAG;
- Om HSAG-lede te lok om met Orthotouch (welke Maatskappy slegs oor twee eiendomme beskik en waaroor daar twee aansienlike verbande geregistreer is) buite die HSAG en tot die nadeel van die HSAG-lede, te skik;
- Op die beleggers se emosies te sinspeel en angstigheid te veroorsaak deur te noem dat Orthotouch gelikwedeer gaan word en dat Likwidateurs al die gelde van die beleggers gaan terugeis en dat die beleggers dan met niks sal opeindig.

Ons wil dit baie duidelik stel dat die HSAG glad nie ten gunste is van likwidasies nie en dat die HSAG nog nooit gedreig of gepoog het om Orthotouch of selfs die HS-maatskappy te likwedeer nie. Hierdie stellings is deur mnr. Nic Georgiou, me. Elna Visagie en mnr. Hans Klopper gemaak. Indien u al die korrespondensie van die betrokke partye nagaan sal u merk dat slegs mnr. Nic Georgiou en sy ondersteuners die dreigemente ten aansien van likwidasie maak. Likwidasie sal die laaste uitweg vir die HSAG wees.

Die vrae wat beleggers hulself moet afvra en die feite waarmee beleggers hulself moet vereenselwig is eenvoudig:

- Waar is die nagenoeg R4.8 miljard opbrengs van die eiendomme wat verkoop is, wat het van al daardie eiendomme geword?
- Indien die maatskappye gelikwideer word, sal die Likwidateurs ook die skikkingsbedrae, wat hulle deur middel van mnr. Helgard Hancke se skikking ontvang het, terugeis?
- Waarom word die HSBF-nuusbriefe voortspruitend van mnr. Helgard Hancke op Orthotouch se amptelike webblad geplaas terwyl daar vir maande géén nuus was nie?

5. HOFSAKE EN TYDSDUUR DAARVAN

Regter Murphy het op 2 Augustus 2017 drie HSAG-Aansoeke in die Pretoriase Hooggeregshof aangehoor:

- I. 'n Poging deur 'n voormalige HSAG-Applikant, mev. Charlene Jordaan, om 'n verdere beëdigde verklaring ter ondersteuning van mnr. Nic Georgiou en Ander se saak op te handig. Hierdie aansoek is van die hand gewys met koste;
- II. 'n Aansoek deur Mnr. Hancke ter ondersteuning van mnr. Nic Georgiou om tussenbeide te tree in die Herinstelling- en Voegingsaansoek. Hierdie uitspraak is voorbehou;
- III. 'n Aansoek deur mnr. Nic Georgiou/Orthotouch vir Verlof tot Appèl teen Regter Murphy se vorige uitspraak wat ten gunste van die HSAG was. Die uitspraak is voorbehou;
- IV. Mnr. Helgard Hancke het in hierdie verrigtinge onder eed verklaar dat hy teen die gunstige HSAG-uitsprake (tot voordeel van mnr. Nic Georgiou) wil appelleer.

Die Aansoek om Verlof tot Appèl in die Johannesburg-aangeleentheid sou op 3 Augustus 2017 aangehoor word, maar is deur Regter Ismail na 5 September 2017 uitgestel aangesien mnr. Nic Georgiou se regsverteenvoerders nie beskikbaar was nie en weens die feit dat die

Hoflêer nie gevind kon word nie. Mnr. Helgard Hancke het (soos by die Pretoria-aangeleentheid) aangedui dat hy tussenbeide wil tree by die Aansoek om Verlof tot Appèl.

Mnr. Helgard Hancke se Verklaring was op ons beteken en sal ons die Aansoek teenstaan en vra vir 'n bestrawwende kostebevel. Ons Opponerende Verklaring in antwoord op mnr. Helgard Hancke se verklaring is op ons webblad by www.hsaction.co.za en wil ons graag al die HSAG-beleggers aanmoedig om die verklaring te lees.

Nie mnr. Helgard Hancke of mev. Charlene Jordaan het enige belang meer by die HSAG of die litigasieproses nie, en is dit ons oorweegde opinie dat dit hul strategie is om Mnr. Georgiou by te staan om te poog om die saak waarin die HSAG tot op datum aansienlike vooruitgang gemaak het, onnodig te frustreer en uit te rek.

6. SKIKKING

Die HSAG is nie gekant teen skikkings met mnr. Nic Georgiou/Orthotouch nie, maar die HSAG sal dit egter slegs oorweeg indien die regte van HSAG-lede behoorlik beskerm word.

Die skikking wat deur mnr. Helgard Hancke in samewerking met mnr. Nic Georgiou/Orthotouch aangebied word beskerm nie die belange van die beleggers nie.

Die vals en bedrieglike bewerings dat buitensporige regskostes gehef word of dat Mnr. Theron sy “klas-aksie droom” wil voortsit ten einde verdere buitensporige regskostes te hef, is onwaar. Dit is 'n rookskerm vir al die slaggate wat vir beleggers lê en wag indien hulle deur middel van mnr. Helgard Hancke met Ortotouch sou skik. Daar is minstens 20 redes waarom HSAG-lede versigtig moet wees om enige voorstelle van mnr. Helgard Hancke en mev. Elna Visagie te oorweeg. Verdere besonderhede sal weldra op ons webtuiste verskyn.

Orthotouch besit tans slegs twee eiendomme en is nie in 'n posisie om 18 300 beleggers se rente vanuit sy eie inkomste te kan betaal nie. Dit is duidelik dat Orthotouch op 'n derde party (of partye) moet steun om sodanige betalings te maak. Laasgenoemde is riskant.

Die direkteure van Orthotouch is verplig om die maatskappy kragtens die bepaling van die Maatskappyewet te bestuur. Hulle kan persoonlik aanspreeklik gehou word indien hulle onder insolvente omstandighede besigheid dryf.

Indien enigiemand (insluitende mnr. Nic Georgiou of sy seuns) vir Orthotouch van fondse sou voorsien sou voorskiet om maandelikse rente te betaal stel hulle die beleggers bloot aan risiko's.

7. VERGADERING MET SAKEBESTUURDER

Regter Sharise Weiner, van die Johannesburgse Hooggeregshof is die saakbestuurder in die HSAG-litigasie. Regter Weiner is onafhanklik van enige party tot die geding aangestel en moet toesien dat partye tot die geding nie die proses onnodig vertraag nie.

Sy het Woensdag 16 Augustus 2017 as 'n datum vir die saakbestuursvergadering vasgestel, maar is dit herskeduleer na Dinsdag, 29 Augustus 2017.

Die Regter het bygevoeg dat bogenoemde datum finaal is en dat almal beskikbaar moet wees en dat geen verdere uitstelle toegestaan sal word nie.

8. LIKWIDASIE VAN MAATSKAPPYE

Sommige beleggers was besorg, veral na die onlangse skrywes van besigheidsreddingspraktisyn, mnr. Hans Klopper en die HSBF-webblad se nuusbriewe wat bepaal dat indien die maatskappye/Orthotouch gelikwedeer word, die likwidateurs betalings wat deur beleggers ontvang is, kan terugeis.

'n Skriftelike opinie oor die regspraak is van 'n advokaat verkry. Hy is van mening dat die likwidaatours nie in staat sal wees om sodanige maandelikse rente/betalings suksesvol terug te eis nie.

Hier volg 'n opsomming van sy redes:

- 8.1 Die maandelikse betalings word gemaak ingevolge 'n verpligting wat Orthotouch opgedoen het kragtens die Reëlinskema, welke verpligting opgedoen is in ruil vir die verkryging van verskeie vaste eiendomme van die Hoëveld-maatskappy. Betalings deur Orthotouch is derhalwe nie "sonder teenwaarde" nie, soos bedoel in artikel 26 van die Insolensiewet van 1936 ("die Wet"), en gelde kan gevolglik nie teruggeëis word ingevolge hierdie artikel nie.
- 8.2 Wat betref artikels 29 en 30 van die Wet, sal een krediteur (soos 'n belegger) nooit bo 'n ander bevoordeel kan word solank as wat betalings deur Orthotouch gemaak word in ooreenstemming met die formule soos vervat in die reëlinskema dokument nie.
- 8.3 Betalings wat deur Orthotouch gemaak word is gemaak in die "gewone loop van besigheid". Dit is 'n verdere rede waarom die Likwidaatours nie die gelde kan terugeis nie.
- 8.4 Orthotouch se krediteure is Hoëveld-maatskappy. Dit is die Hoëveld-maatskappy wie, by ontvangs van die maandelikse betalings van Orthotouch, op hulle beurt die beleggers betaal. Dit beteken dat die Likwidaatours van Orthotouch slegs 'n potensiële eis teen die Hoëveld maatskappy het – en nie teen die beleggers nie.
- 8.5 Sou die Hoëveld maatskappy ooit gelikwideer word, sal die likwidaatours nie betalings kan terugeis nie vir soortgelyke redes as wat hierbo uiteengesit word.

Uitgebreide gronde sal op www.hsaction.co.za geplaas word.

Die HSAG is glad nie ten gunste van likwidasies nie en dat die HSAG nog nooit gedreig of gepoog het om Orthotouch of selfs die HS-maatskappye te likwideer nie. Hierdie misleidende stellings is deur mnr. Nic Georgiou, me. Elna Visagie, mnr Helgard Hancke en mnr. Hans Klopper gemaak. Indien u al die korrespondensie van die betrokke partye nagaan sal u merk dat slegs mnr. Nic Georgiou en sy ondersteuners die dreigemente ten aansien van likwidasie gemaak het. Likwidasie sal die laaste uitweg vir die HSAG wees.

9. VRAE VANAF MONEYWEB & ANTWOORDE DEUR HSAG-BESTUUR D.M.V PROKUREUR JACQUES THERON

Ryk van Niekerk het onlangs sekere vrae oor die vordering van die klas-aksie gestel,

Hier volg 'n opsomming van 'n paar van die vrae en antwoorde soos beantwoord deur die HSAG se prokureur, mnr. Jacques Theron:

- i. Wat is jou reaksie op die aantygings dat die feite in jou oorspronklike eedsverklaring nie akkuraat is nie?

Elke bewering in my funderende eedsverklaring is waar.

Die kern van die saak – soos ook bevind deur twee Hooggeregshofregters - is dat Nic Georgiou 'n onbekende bedrag aan die oorspronklike nominale Applikante betaal het ter skikking van hul eise in ruil waarvoor hulle die saak moet “terugtrek”.

Dit het alles plaasgevind in die geheim en agter die rug van die HSAG en Theron & Vennote – dus, sonder voorafkennisgewing. Hierdie kernfeite word nie ontken deur Georgiou in sy opponerende verklaring nie. (Al wat hy beweer, is dat die Applikante die reg gehad het om met hom te skik en die saak terug te trek). Presies dieselfde het gebeur in die ander saak (in Johannesburg) waarin aansoek gedoen word om die Art 155-Reëlinskema ter syde te stel.

In beide sake het die hof bevind (Regter John Murphy in Pretoria en Regter Mohamed Ismail in Johannesburg) dat die voorgaande wel die bewese feite is, en dit 'n misbruik van die hofproses was ("abuse of the court procedure"). Daar is bevind dat die nominale Applikante nie die reg gehad het om eenvoudig die hof-aksies op hierdie wyse terug te trek en sodoende al die ander beleggers wat die klas-aksie steun in die steek te laat nie.

Helgard Hancke, wie insgelyks 'n vertrouensposisie binne die klas-aksie beklee het, het ook die HSAG-beleggers in die steek gelaat deur 'n geheime ooreenkoms met Georgiou te onderhandel. Nadat hy versoek is om uit die Bestuur te bedank het hy voortgegaan met 'n smeerveldtog teen die HSAG, sy prokureurs en bestuur.

Hancke is die afgelope tyd besig om die konfidensiële lys van HSAG-beleggers wat aan hom as bestuurslid toevertrou was te gebruik om lede te nader ten einde skikkingsooreenkomste met Orthotouch, Nic Georgiou se onderneming wat reeds feitlik al 50 van sy eiendomme verkoop het, te sluit.

Die sogenaamde "nuwe" bewerings deur Hancke en Jordaan word in geskil geplaas maar doen in elk geval nie afbreuk aan bovermelde bewese kernfeite nie. Dit skop net stof op oor sekere onbelangrike aspekte/feite, soos bv. die motivering vir Applikante se skikking, wie vir wie genader het ter skikking, of die Applikante mekaar "geken" het, en of Theron en Stander kwansuis sou aandring op kommissie, in geval van skikking van die klas-aksie.

Hierdie beweringe is onwaar en word ten sterkste ontken.

- ii. Wat is jou reaksie op Jordaan se aantyging dat die ses applikante deel was van 'n Whatsapp-groep en deeglik van mekaar bewus was? Jy het ontken dat hulle mekaar geken het.

Die Applikante het mekaar nie geken nie. Hulle woon almal in algeheel verskillende dele van die land (buiten twee lede wat in Mosselbaai woon), en is deur Visagie (op versoek van die HSAG) genader om as nominale

applikante in die hofverrigtinge te dien. Enige van die duisende beleggers kon vir hierdie doel genader word.

Visagie het destyds 'n WhatsApp-groep gestig met enkele van die Applikante as lede (waarvan ek as prokureur ook lid was), maar was dit 'n baie onaktiewe WhatsApp-groep. Daar was geen rede of behoefte vir spesifieke kommunikasie aan of tussen hierdie lede (buiten moontlik toevallig die twee Applikante wat albei op dieselfde dorp woon) nie. Die enigste "bewyse" – volgens Hancke en Visagie – dat die Applikante mekaar glo sou "geken" het is eenvoudig 'n skermdruk ("screen print") van die WhatsApp-groep se name, sonder enige aanduiding dat daar ooit boodskappe tussen hulle gestuur is of dat hulle mekaar ooit ontmoet het. Visagie was die administrateur van die groep en nadat sy in 2015 vir Orthotouch begin werk het, het die groep waarop ek was nie verder sinvol gefunksioneer nie.

Aangesien die Applikante die hofstukke waarop hulle name verskyn van tyd tot tyd ontvang het, moes hulle natuurlik "bewus van mekaar" gewees het. Ek sal egter baie verbaas wees as hulle mekaar ooit in die gewone loop ontmoet het vóórdat hulle in 2016 saamgespan het met Georgiou om die hof-aksies "terug te trek". Ek dink dit is hoogs onwaarskynlik dat hulle mekaar ooit ontmoet het voor dan (of ooit). Die enkele hofdokumente wat die Applikante moes teken die afgelope drie jaar was onafhanklik aan hulle gestuur vir ondertekening, en ook so deur hulle teruggestuur. As hulle mekaar ooit ontmoet het, wat ek betwyfel, sou dit mos deur Hancke of Visagie beweer word. Visagie het ál die Applikante vir die HSAG gewerf en is daar by my geen twyfel dat sy verantwoordelik was vir die geheime skikking met Georgiou nie. Een van die nuwe toetredende Applikante was, kort na toetrede tot die HSAG Klas-aksie, deur Visagie telefonies gekontak waar sy (onsuksesvol) probeer het om die Applikant vanaf die HSAG te vervreem en af te rokkel en met Georgiou te laat skik.

- iii. Hoeveel geld is al deur T&V ingesamel en hoeveel is al bestee? Kan jy dalk heeltemal deursigtig wees oor die fooie wat skynbaar so hoog is?

Theron & Vennote sal teen die einde van die verrigtinge rekenskap gee van elke sent wat in sy aparte trustrekening ontvang en spandeer is. Danksy sy groot aantal lede, werk die HSAG op die eenvoudige beginsel van ekonomie van skale. Die bedrae wat van elkeen gevra was tot dusver is nominaal in verhouding tot die R4.8 miljard beskermbare belang. Tot en met Mei 2017 was minder as R1 per sindikacie per dag vir regs-kostes aangevra. Ongelukkig is die oorgrote meerderheid beleggers (met 'n gemiddelde ouderdom van 75 jaar) behoefte mense wie hul hele pensioen en ál hul spaargeld in die mislukte Highveld Sindikacie 15-22 maatskappye belê het. Die meerderheid is gevolglik nie in 'n finansiële posisie om ál die aangevraagde bydraes te maak nie.

Alle prokureursfoeie en uitgawes gehef, is gebaseer op die riglyne gestel deur die Wetsgenootskap en word dit geverifieer deur 'n onafhanklike boekhouer, onafhanklike kostekonsultante en word die trustrekening ook geudit en foeie nagegaan deur onafhanklike ouditeurs. Op hierdie stadium is Theron & Vennote se foeie en uitgawes slegs ten volle betaal tot einde 2014 en gedeeltelik vir 2015, 2016 en 2017. Hancke se portefeulje op die HSAG was sosiale media, kliënte en publieke skakeling en het hy geen insae tot die finansiële inligting gehad nie. Dit is duidelik dat sy aantygings daarop gemik is om onsekerheid en verwarring onder HSAG-lede te skep en sodoende die Georgious te bevoordeel.

Op hierdie stadium sal die HSAG se finansiële gesondheid en informasie egter uiters bruikbaar wees vir Georgiou, wat sy taktiek sal aanpas na gelang van hoe die HSAG se finansies daarna uitsien. Byvoorbeeld, hoe armer die HSAG is, hoe meer sal Georgiou besef die klas-aksie is nie 'n bedreiging vir hom nie. Of, die kennis dat die HSAG goed befonds word, sal Georgiou noop om ander opsies en strategieë te oorweeg. Theron & Vennote se werklike foeie ontvang, is veel laer as wat meeste groter prokureursfirmas tot datum sou vorder. Maar die dryf van R4.8 miljard se litigasie vir etlike duisende voornemende Eisers is beslis nie goedkoop nie. Top senior en junior advokate moet betaal word, en die infrastruktuur om so 'n enorme saak te dryf is noodsaaklik en aansienlik. Etlke professionele en administratiewe persone

werk bykans voltyds om die saak op spoor te hou en te behartig. Die enkele duisende rand wat 'n HSAG-lid tot dusver gevra was om by te dra tot die HSAG klas-aksie (met 'n gemiddelde eis van R250 000 per persoon), is 'n uiters klein persentasie en fraksie van die regskoste van enige ander belegger wat individueel vir Georgiou, sy familie of entiteite probeer aanvat het.

Hancke, Visagie en Georgiou beweer voortdurend, egter sonder enige basis, dat die HSAG R15 miljoen en R13 miljoen tot op hede sou invorder. Hierdie bewerings is vals en sensasioneel van aard, en daarop gemik om Theron & Vennote asook die HSAG te tipeer as geldwolwe wat beleggers beroof deur die verhalings van enorme fooie. Dit terwyl mnr. Nic Georgiou, sy familie en ander Respondente vir miljarde aangevat word vir die beweerdlike wanaanwending van beleggersfondse en desperaat poog om nie voor die hof te kom om hul saak te stel nie.

Die feit van die saak is dat derduisende beleggers nie volopbetaald is nie en dat die HSAG gevolglik nie beweerde bedrae ontvang het nie. Dit is nie kommersieel sinvol vir die HSAG om sy beursie aan die opposisie te openbaar nie. Inteendeel, Georgiou het tot vandag toe nog nie rekenskap van 'n enkele sent gegee van die miljarde wat skynbaar verdwyn het óf self, soos deur die Wet vereis en beweer, finansiële state vir sy maatskappye ingedien nie. Indien die HSAG state openbaar sal dit individuele beleggers wat in 'n finansiële verknorsing en nie opbetaald is nie, diskrediteer en verkleineer en is die HSAG van mening dat dit nie bevorderlik vir sy saak is nie. Dit is belangrik om daarop te let dat die HSAG en prokureurs ook 'n vertrouenspelig teenoor sy lede het om nie hul persoonlike en finansiële stand te openbaar nie.

iv. Het jy met Georgiou onderhandel oor 'n 1%-kommissie vir alle skikkings?

Nee, beslis nie. Die 1% is iets wat Georgiou aan Johan Stander lank gelede as onderhandelaar aangebied het, sou Stander se kliënte bereid wees om te skik. Ek het nog nooit aangedring op óf gevra vir kommissie nie en het van die begin af (ook onder eed) verklaar dat ons firma nie op 'n gebeurlikheidsfoobasis (kommissie) werk nie, waar die Wet voorsiening maak vir 'n regsverteenvoerder om tot 25% van die eisbedrag of dubbeld sy fooie,

welke ookal die minste, te verhaal. Trouens, die skriftelike skikkingsooreenkoms wat ek en die HSAG-Bestuur met Georgiou onderhandel en onderteken het (en wat aangeheg is tot my repliserende eedsverklaring) maak pertinent geen voorsiening vir prokureurskommissie nie, en bepaal dat die terme van die skriftelike skikking die enigste terme van die skikkingsooreenkoms is.

Daarvolgens moes Georgiou ook 'n bedrag bydra tot al die beleggers se koste wat hulle aan Theron & Vennote betaal het, wat inderwaarheid tot gevolg sou hê dat die klas-aksie vir beleggers wat sou skik, niks kos nie. Die bewering dat ek aangedring het op kommissie, of dit hoegenaamd voorgestel het, is totaal vals, soos reeds genoem. Maar die verdere aantyging hieroor dat my aandrang op kommissie tot gevolg gehad het dat die skikkingsonderhandelinge verdrag is of nie voltrek is nie, is 'n verdere blatante leuen. Georgiou en sy mense sal NIE EEN e-pos of ander kommunikasie kan toon wat naastenby so iets weerspieël nie. Dit is 'n infame leuen wat ten doel het om my te belaster en die klas-aksie verdag te maak en steun te laat verloor. Die veldtog teen die klas-aksie is verskerp, en ek as persoon word nou ook geteiken.

- v. Het Jordaan vir jou opdrag gegee om te skik, soos sy in haar eedsverklaring beweer?

Nee, sy het nooit met my gekommunikeer oor 'n privaatskikking namens slegs haar (of selfs die ander Applikante nie). Die skikking wat ek en die HSAG-Bestuur met Georgiou onderhandel het, was vir alle HSAG-lede. Hierdie skikkingsooreenkoms met Georgiou is op skrif gestel (en aangeheg tot my Repliserende verklaring, soos reeds hierbo genoem), welke skikking die HSAG-lede self (individueel) oor kon besluit. Slegs mnr. Jurie Geldenhuys (een van die Applikante) het aangedui dat hy wil skik op daardie 50% basis oor meer as drie jaar. Jordaan en die ander Applikante wou nie skik vir 50%, tot my kennis, nie en was dit vir my en die HSAG-Bestuur groot nuus toe Georgiou teenoor ons erken het dat ál die Applikante geskik het.

- vi. En hoekom het julle nie op die twee eedsverklarings geantwoord nie?

Die eedsverklaring van Hancke is rondom middagete op die dag onmiddellik vóór die hofverskyning van 2 Augustus 2017 deur sy prokureurs geliasseer, kort voordat ek en ons junior advokaat op die vliegtuig geklim het oppad na Pretoria terwyl Hancke reeds vir maande bewus was van die hofverrigtinge. Jordaan se verklaring is eers later daardie selfde middag geliasseer. Daar was géén tyd om daarop te reageer nie. 'n Baie kort en voorlopige antwoordende verklaring was deur my oorweeg, maar dit het die risiko ingehou dat die Hof vir Hancke (Georgiou) die reg sou gee om daarop te repliseer (wat 'n uitstel sou veroorsaak en wat ons wou verhoed). Gegewe die irrelevansie van die bewerings deur Hancke is daar besluit om die saak te argumenteer sonder enige antwoord daarop.

Ons verkeer tans positief in afwagting van Regter Murphy se uitspraak. Wat die Johannesburgse verrigtinge betref (wat eers in September aangehoor word en dus meer tyd bied), sal ek beslis antwoordende verklarings liasseer op al hierdie bewerings, irrelevant soos hulle is, sou Hancke en Jordaan stukke daar liasseer. Die Pretoriase Hooggeregshof het Charlene Jordaan, eertydse HSAG-Applikant, se poging om 'n verdere eedsverklaring te liasseer, summier met kostes van die hand gewys.

Op 'n laaste noot, meen ek dit is uiters belangrik om te kyk na die groter prentjie om te probeer sin maak van Hancke se huidige optrede, naamlik sy poging om toe te tree tot die verrigtinge. Hy het onder eed verklaar dat hy 'n pensioenaris is wie se vrou se (minder as R400 000) eis deur Georgiou geskik is. As hy bloot bona fide gepoog het om 'n verklaring te liasseer in die hof ten einde my bewerings oor sy "jumping ship" te probeer weerlê om sy naam skoon te kry, kon mens dit dalk nog verstaan. Maar hy gaan veel verder as dit: hy poog nou uitdruklik in sy toetredingsstukke om die klasaksie te sink. En ten duurste (hy het nie geld nie, regverdig sy vrou se eis dit nie, en tog het hy 'n senior EN junior advokaat gehad in die hof op 2 Augustus, konserwatief seker minstens R100,000 of meer se koste net tot dan). En sy rondte twee kom in Johannesburg in September, waarin hy 'n soortgelyke aansoek wil bring met soortgelyke kostes! Dít terwyl hy (of sy vrou) glad nie meer 'n belang by Pickvest/Highveld Syndication maatskappye het nie (sy oorlede skoonpa se

eis is geskik, erken hy in sy stukke). So, ons insiens is dit baie duidelik wie agter Hancke staan, en wie “sy” regs-koste betaal. Jammerlik en ten koste van tienduisende bejaarde beleggers wat wanhopig is en swaarkry weens hul beleggings in die mislukte Highveld Sindikasie-maatskappye. In hierdie verband verwys ek na ons brief aan Hancke se prokureurs, Hills Ing, van 20 Julie 2017, soos reeds voorsien, waarin ons dit direk aan hulle noem. Ons het die brief ook opgehandig aan die hof op 2 Augustus 2017 maar tot datum hiervan geen antwoord ontvang nie.

10. KONSTITUSIONELE HOF SE UITSPRAAK TEN GUNSTE VAN 46 INDIVIDUELE HS-BELEGGERE

Op 16 Augustus 2017, het agt regters van die Konstitusionele Hof eenparig teen mnr. Nic Georgiou en sy entiteite beslis met koste. Hierdie was nie 'n HSAG-aangeleentheid nie.

Mnr. Georgiou en Ander het aansoek gedoen vir verlof tot appèl en om tussenbeide te tree in 'n Summiere Vonnis ten gunste van 46 individuele HS-beleggers vir R29 miljoen.

Georgiou het, onder andere, daarin gefaal om sy verweer aan die Pretoriase Hooggeregshof te openbaar, welke hof 'n Summiere Vonnis teen Georgiou en in die guns van die HS-beleggers beslis het. Dit is bevestig deur die Appèlhof en sopas deur die Hoogste Hof in Suid-Afrika.

Mnr. Georgiou het laasjaar teenoor die HSAG-Bestuurskomitee beken dat daardie regspan nie genoeg inligting ter stawing van sy verweer tydens die verrigtinge van die Summiere Vonnis geopenbaar het nie en dat sy regspan nie weer in die toekoms sal toelaat dat sodanige beslissings ten gunste van individue wat hom dagvaar toegestaan sal word nie. Mnr. Georgiou het bevestig dat hulle soortgelyke verrigtinge met hand en tand sal verdedig ten einde die verrigtinge te frustreer.

Dit is in ooreenstemming met sy huidige pogings in samewerking met Hancke en Visagie, om tussenbeide te tree, te appelleer en om Hooggeregshofbevele ten gunste van die HSAG te verlaag. Hierdie is 'n groot oorwinning vir alle HS-beleggers en ook die HSAG. Ons beste wense vergesel die HS-beleggers wat suksesvol was in hul saak asook aan hul regspan met die invordering van die kapitaal en koste.

Die koste van die verrigtinge vir die 46 HS-individue (na bewering ongeveer R3 miljoen) was egter baie hoog. Die koste van die HSAG-lede se individuele bydraes is 'n fraksie van die koste wat die 46 individue sou moes betaal.

Dié beslissing van die Hoogste Hof in Suid-Afrika baan ook die weg vir die HSAG Klas-aksie. Ons bedank weereens elke lojale HSAG-lid vir hul voortgesette ondersteuning. Ons is steeds positief oor die meriete en die uiteindelijke suksesvolle afhandeling van die HSAG Klas-aksie.

11. ADMINISTRATIEWE AFSNYDATUM VIR REGISTRASIE BY DIE HSAG

Weens 'n aantal versoeke is **die afsnydatum vir laat-registrasies vir aansluiting by die HSAG verleng tot 31 Augustus 2017 om 24:00**. Die registrasievorm is beskikbaar op die webtuiste by www.hsaction.co.za, in die alternatief kan u 'n e-pos stuur na hsagregister@gmail.com om 'n registrasievorm te versoek. Alle voltooide registrasievorms moet aan hsagregister@gmail.com gestuur word.

12. STAAT VIR DEELNAME AAN DIE HSAG

Vind asseblief hiertoe aangeheg u bydraestaat vir u deelname aan die HSAG.

Let asseblief op die volgende:

- i. Sedert begin Januarie 2016 het die HSAG se regsfirmas begin om trustopdragings te doen vir 'n bydrae tot regskoste vir die HSAG, hofsake en aanverwante aangeleenthede wat deur die HSAG gedryf word. Sodoende

word die HSAG-lede se individuele regte en belange asook die HSAG-groepsregte en belange beskerm. Hierdie bedrag behoort op u staat wat van tyd tot tyd uitgestuur word, te reflekteer.

- ii. Indien geen opvraging ten aansien van registrasie-, regs- of administrasiekoste of 'n krediet op u staat verskyn nie, beteken dit dat u waarskynlik in 'n groep val wat nie geprosesseer en/of geallokeer is nie, en sal dit, indien dit onder ons aandag kom of gebring word, op 'n latere staat verskyn:
 - a. Die aangevraagde opvraging vir 2016-regskoste was R1 000 per sindikasie.
 - b. In Mei 2017 was 'n verdere opvraging vir bydrae tot regs- en administrasiekoste van R2 000 per persoon gemaak.
 - c. 'n Eenmalige registrasiekoste per sindikasie was ook gehef en sal ook op u staat verskyn.
 - d. Indien 'n balansstaat 'n kredietbedrag toon, is u 'n geregistreerde lid van die HSAG, maar het ons nog nie u voltoide aansoekvorm ontvang nie. Geliewe die aansoekvorm af te laai vanaf ons webwerf of rig 'n versoek aan ons daarvoor op hsagregister@gmail.com.
- iii. Let asseblief daarop dat die inligting op ons rekords aanvanklik verkry is vanaf aansoekvorms:
 - a. Indien u aansoekvorm gevolglik foutief, onduidelik of onvolledig is, sal u moontlik geen state of e-posse ontvang nie.
 - b. Voltooi asseblief die HSAG-vraelys op "Monkey Survey" wat van tyd tot tyd op ons webtuiste geplaas word ten einde u inligting op datum te bring of stuur vir ons 'n e-pos na hsagregister@gmail.com.
- iv. Kliek asseblief op die **e-pos skakel aan die einde van hierdie nuusbrief** om na die "Customer Zone" te gaan waar u die opvragings vir registrasie-, regskostes en u betalings kan sien.
- v. Weens aaneenlopende groot hoeveelheid navrae, registrasies, wysigings van persoonlike besonderhede en allokasies, is dit moontlik dat sommige betalings en/of registrasies nie op die aangehegte Staat sal verskyn nie, maar eers op 'n latere Staat. Maak asseblief seker dat u inligting korrek is.
- vi. Geoutomatiseerde state sal van tyd tot tyd (gewoonlik maandeliks) uitgestuur word, maar u skakel na die "Customer Zone" sal deurentyd aktief bly en u kan

ter enige tyd u betalings en transaksies daarop sien, soos wat dit geallokeer word.

- vii. Indien daar enige uitstaande bedrae is word u vriendelik versoek om dit so spoedig moontlik te betaal ten einde onnodige administrasie en/of verdere kostes te verhoed. Sodanige lede loop die gevaar dat hul lidmaatskap by die HSAG opgeskort word.
- viii. Registrasieheffings is betaalbaar op alle nuwe en agterstallige (90 dae en ouer) registrasies. Registrasiekoste beloop tans R1 500,00 per sindikasie en, indien latere registrasies toegelaat word, sal daar waarskynlik 'n verdere heffing vir registrasiekoste per sindikasie vir alle nuwe registrasies gehef word ten einde finansiële bydraes deur huidige HSAG-lede te verlig.
- ix. Deelname aan die HSAG is algeheel vrywillig, maar sal persone wat nie aan die HSAG behoort of hul versoekte bydrae op datum hou nie, nie aanspraak kan maak op enige regte of voorregte wat getroue lede van die HSAG geniet nie. Persone wat hardvogtig weier of versuim om ledebydraes te maak se lidmaatskap sal beëindig word.
- x. Ons bedank u vir u lojale ondersteuning waarsonder die HSAG klas-aksie nie moontlik sou wees nie.
- xi. U kan verseker staatmaak op ons onverdeelde lojale ondersteuning van die HSAG-lede en geassosieerdes.
- xii. Enige spesifieke navrae kan aan hsagenquiries@gmail.com gerig word.

Vriendelike groete

HSAG Bestuurskomitee

Kontak die HSAG en prokureurs by:

Tel: (021) 887 7877

hsactiongroup@gmail.com